

OKTOBER 2012

24 Uur Beheerkamer	028 313 8000/8111
Brandweer	028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbriëf van die Munisipaliteit Overstrand

ANGELA VROU VAN DIE JAAR WILFRED WEN OMGEWINGSTROFEE UITBLINKERS ONTVANG ERKENNING

Angela Heslop, die energieke oud-verpleegster wat al oor baie jare op verskeie terreine hard werk om van

strand Munisipaliteit se toekenning as Vrou van die Jaar ontvang tydens die Aand van Uitnemendheid wat in Hermanus gehou is.

Wilfred Chivell is met die Burgemeesterstrofee vir Omgewingsbewaring bekroon.

Altesame 25 individue en instansies het toekennings ontvang. (Sien ook die ander berigte in die uitgawe.)

Hierdie was die vierde agtereenvolgende jaar dat die Aand van Voortreflikheid aangebied is. Luister is verleen met optredes deur die Pro Musica-koor, Cassia Mildner op die klavier en 'n klassieke trio bestaande uit Maïke Skein (tjello), Hein Attwood (viool) en Annemarie Rautenbach (klavier).

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie het gesê 'n aand soos dié gaan nie net oor erkenning nie maar ook om te probeer bepaal wat die waardes is wat ons gemeenskap vorm en waarna ons moet strew. Vol-

gens haar is dit maklik om te sê ons omgewing en natuurlike skoonheid is ons gebied se grootste bate, maar min doen iets om dit te beskerm en vir ons nageslagte te bewaar. Die wenner van die Burgemeesterstrofee vir Omgewingsbewaring, Wilfred Chivell, het gewys hoe woorde in daad omskep kan word en dat daar volhoubare ekonomiese waarde uit die bewaring van die omgewing verkry kan word.

Omgee vir ander was 'n sterk tema die aand. Ons is veral geneig om van ouer mense te vergeet. Ons moet onthou dat ons self ook oud word en dit sal waardeer wanneer iemand ons dag verhelder met 'n vriendelike woord en 'n blom.

Ons moet ook onthou dat ons tog die toekoms kan beïnvloed deur in ons kinders te belê. Daarom is dit die moeite werd om seker te maak dat die fondasie goed in ons kleuterskole en crèches gelê word. Wanneer ons kinders groter word moet ons sorg dat daar genoeg ander afleidings is sodat hulle nie ontvlugting in drank en dwelms hoef te soek nie.

Die Burgemeester het gesê sy verlaat



Wilfred Chivell en Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie

Hermanus 'n beter plek te maak, het op Woensdag 22 Augustus 2012 Over-



Angela Heslop en Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie

die geleentheid met nuwe hoop want sy het weer eens gesien dat daar met die nodige passie en met liefde berge verskuif kan word. Al red jy nie 'n hele volk nie, sal jy met 'n volgehoue poging tog 'n verskil aan iemand anders se lewe maak.

VROU VAN DIE JAAR

"Mense wat dinge laat gebeur - diegene wat 'n verskil maak deur 'n bietjie hoop en aanmoediging te sprinkel en dusdoende die wêreld van die lewe laat draai - is gewoonlik onbesongte helde; dié wat nie omgee om agter die skerms en buite die kalklig te werk nie, sonder om te karring en sonder dat daar 'n ophef van hulle gemaak word. Nogtans is die beloning wat deur erkenning gegee word iets wat gewoonlik deur elke lewende wese verwelkom word en hopelik die ontvangers laat glimlag!"

Met hierdie woorde het rdl. Lisel Krige die finaliste vir die Vrou van die Jaar Toekenning 2012 voorgestel voordat Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie aan elkeen 'n sertifikaat van erkenning oorhandig het.

Die algehele wenner was Angela Heslop wat hierdie eerbewoon ontvang het vir die wyse waarop sy reeds oor baie jare haar talente en opleiding aanwend om 'n onbetaalde beroep te maak van gemeenskapswerk



Suster JM Beukes, Angela Heslop, Jenny Sauls, Sebina Jantjies, Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, Ilze Smith, Debbie Hull en Suster Loryna Wentzel.

op 'n baie hoë vlak. Sy het onder andere saamgewerk met Hermanus Rooikruis, die Hermanus Provinsiale Gesondheids-fasiliteitraad, Vriende van die Hermanus Hospitaal, die Enlighten Education Trust, die Hermanus History Society en die Camphill-plaasgemeenskap.

Die ander genomineerdes was: Debbie Hull, genomineer vir haar geesdrif en ywer as gemeenskapswerker, fasiliteerder, administrateur en voedingkundige by Mthimkhulu Village op Kleinmond ten

einde by te dra tot die totstandbrenging van 'n gemeenskap wat vry is van dwelm- en alkoholmisbruik;

Ilze Smith, wat genomineer is vir haar werk by die Hermanus Dierebeskermingsvereniging waar sy binne slegs twee jaar gevorder het van vrywillige werker tot leierskap van die organisasie - dit niteenstaande haar voltydse betrokkeheid by voorskoolse onderrig;

Jenny Sauls, wat haar eie organisasie sonder winsbejag gevestig het om voortgesette diens by die

Lombardi-dienssentrum vir bejaardes te verseker toe die sentrum in gevaar was om sy deure weens finansiële beperkinge te sluit;

Maatjie Wandrag, wat haar kennis en vaardighede met betrekking tot die bestuur van kleuterskole aanwend ter bevordering van vroeë kinderopleiding-versorgingsfasiliteite in voorheen-benadeelde gemeenskappe;

Sebina Jantjies, wat, as 'n vrywillige versorger, 'n vername rol in die Hawston-gemeenskap speel;

Suster J M Beukes, wat vroeg beheer geneem het van 'n aftree-oord en dit verander het in 'n sentrum wat nie alleen vir sy eie pasiënte sorg nie maar ook opleiding verskaf aan personeel van soortgelyke fasiliteite in die Overberg; en Suster Loryna Wentzel, 'n bekroonde en hoogs gewaardeerde verpleegkundige wat haar kennis, vaardighede, ontferming en empatie aangewend het om die verswaktes te Onrus Manor as verplegingsbestuurder te dien.

OVERSTRAND HET VAN DIE BESTE TALENT IN DIE LAND

"Die Overstrand-munisipaliteit is in die benydenswaardige posisie dat van die land se beste talent in hierdie gebied woon of noue bande met die streek het," het raadsheer Pieter Scholtz, Onderburgemeester, met die voorstelling van die ontvangers van die Sertifikate van Uitmendheid gesê. "Vanweë hul verbintenis met die gebied, bevorder hulle nie net die beeld van Overstrand nie, maar ploeg baie van hulle vrywillig van hul tyd, geld en energie in ons gemeenskap terug."

Die ontvangers van Sertifikate van Uitmendheid was:

Anna Spaarwater en **Corrie Botha** vir hul jarelange betrokkenheid by die hoogs suksesvolle Hermanus Times Kalfiefee. Anna, vir haar hantering van die akteurs en sangers en pligsgetroue bestuur van die kantoor, en Corrie wat omsien na die fees se finansiële sake.

Prof Derrick Dickens, wat nie alleen vereer is vir die belangrike rol wat hy in die toerismebedryf vertolk nie, maar ook vir sy meedoënlose arbeid om sy gemeenskap en Groter Hermanus 'n beter plek vir almal te maak, en vir sy di-

ens in 'n wykskomitee, die Overstrand Munisipale Adviesforum, die Buurtwag, die Gemeenskappolisieringsforum en die Distrikspolisieringsforum. Hy is voorsitter van die Hermanus Provinsiale Hospitaal se Fasiliteitsraad en dien in die Kalfiefee-komitee waar hy verseker dat een van die groot liefdes in sy lewe, die kuns, sy regmatige aandeel ontvang.

Die bestuur en personeel van die Gerimed-kliniek vir verswakte bejaardes in Kleinmond, wat vereer is vir hul doeltreffende uitvoering van die sentrum se noodontduimingsplan toe 'n noodlottige brand in Junie in 'n vleuel van die kliniek uitgebreek het. Meer as 30 inwoners is na veiligheid gebring, sommige met bed en al. Die slagoffers, waarvan die meeste alles verloor het, is daarna bygestaan om alternatiewe akkommodasie te vind en hul normale lewensroetine te hervat.

Lindile Ntsabo vir sy puik gemeenskapontwikkelingswerk in Zwelihle waar hy betrokke is by die Zwelihle herwinings-werkgroep, Overstrand Township evangeliegeleenthede, be-



Angela Heslop (Vriende van die Hermanus Hospitaal), Russell Witthuhn, Lindile Ntsabo, Louis van Heerden, Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, Prof Derrick Dickens, Carel Pieterse (Gerimed Kliniek) en Willie Loedolf.

sigheidsontwikkeling vir die jeug en die Vriende van die Qhayiya Sekondêre Skool. Hierdeur dien hy as inspirasie vir jonk en oud en bou hy brûe tussen regerings- en nie-regeringsliggame en die algemene publiek.

Louis van Heerden vir sy bydrae as raadslid vir die bevordering van die uitvoerende kunste in die Overstrand. Hy het die aankoop van 'n vleuelklavier vir die ouditorium gemotiveer, die gemeenskap-gebaseerde Overstrand Arts/Kunste gestig, en die aanbidding van meer as 50 musiek- en toneeluitvoerings georganiseer. Die opbrengs word onder meer gebruik om jong, plaaslike talent te ontwikkel en blootstelling aan klassieke musiek te verleen.

Die Pro Musica-koor, onder leiding van Annemarie Rautenbach, wat 30 jaar gelede gestig is en gegroei het van 'n informele sanggroep tot 'n koor wat internasionaal erkenning geniet. Nie alleen het hulle op die onlangse Stellenbosch Eisteddfod die trofee vir beste volwassenekoor gewen nie, maar deur die jare meer as R500 000 van hul op-

brengste aan liefdadigheid geskenk.

Kleinmonder **Russell Witthuhn**, 'n elektronika- en sagteware-ingenieur en uitvinder, vir sy innovasies in die maklike verkryging van data oor weerstoestande tot voordeel van loodse, die vermindering in geraas- en vibrasievlakke van windturbines, en die bevordering van groen tegnologie in die algemene.

Willie Loedolf vir sy bydrae om 'n sistematiese werkswyse vir die Hermanus Hacking Group te ontwikkel, doelgemaakte toerusting te ontwerp, opleiding aan die werkers te verskaf en, les bes, die groep se bedryfswaardige fotografies te dokumenteer.

Die Vriende van die Hermanus Hospitaal, 'n organisasie sonder winsbejag wat in Junie 2002 tot stand gekom het, vir sy hulp aan die provinsiale hospitaal om te voorsien in die behoeftes van die snel-groeiende bevolking van die Overstrand. Oor die afgelope tien jaar het die Vriende fondse bygedra en vrywillige werk gedoen waarvan die waarde op een miljoen rand geskat word.

GROEN KAMPIOENE KRY HUL LOON

"Die feit dat die Burgemeester 'n spesiale jaarlikse toekenning maak vir uitmendheid op die breë terrein van die omgewing, bevestig hoe 'n sentrale rol die natuurlike omgewing vertolk in die ekonomie van hierdie streek." Dit was die woorde van dr. Anina Lee, kommunikasiebestuurder van Whale Coast Conservation, onder wie se banier die kompetisie aangebied en beoordeel is.

Sy het verder gesê dat die Burgemeester se Omgewingstrofee erkenning verleen aan die enorme ekonomiese waarde van die natuurlike omgewing - die natuurskoon, die seediere, die diere van die land en die fynbosparadies rondom ons - asook die onversmoeie werk van baie individue en organisasies, groot en klein, om hierdie bates te bewaar.

Sewe nominasies is vir vanjaar se kompetisie ontvang. Hulle was:

Cuan McGeorge vir sy toegewyde betrokkenheid by die pikkewynkolonie van Stony Point op Betty'sbaai. Sy projek behels die verwydering van uitheemse plantegroei; installering van kunsmatige neste; behandeling van siek en beseerde voëls; die verkryging van kundigheid deur SANKUB-kursusse; en die heel belangrikste, onberispelike openbare betrekkinge en inligtingsessies met nabygeleë eiendomsbesitters.

Tygerberg Voëlklub vir 'n langter-



Cuan McGeorge, Roydon Phibus (Vleilandkomitee van Fernkloof Estate en Gholfbaan), Bill Harling (Walker Bay Nursery), Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie, Mariana Delpoit (Tygerberg Voëlkrygersklub), Tamzyn Zweig (SA Shark Conservancy), Karen Laubsher (Camphill-plaasgemeenskap) en Wilfred Chivell.

mynprojek om watervoëlgetalle op die Botrivierlei en die Kleinmond-estuarium te monitor. Ingesamelde data, tesame met ander wetenskaplike inligting, is gebruik om bestuursplanne vir albei die gebiede op te stel. Met uitsondering van 'n paar tellers van Kleinmond moet Klublede van Kaapstad reis om die opnames uit te voer.

Walker Bay Nursery vir sy bydrae tot vergroeningsprojekte, voedsel-tuine en bewaringsprojekte deur middel van advies; skenkings van bome, plante en groentesaailinge; asook hul opvoedkundige rol.

Camphill-plaasgemeenskap vir hul beheerprogram van uitheemse indringerplante, wat van kardinale belang was vir die rehabilitasie van die

opvang- en rivieroewergebiede, fonteine en grasvelde wat daartoe gelei het dat Ystervarkspruit en die fontein in Spring Forest weer vloei.

Die South African Shark Conservancy vir sy marine-ekologiesnavorsingsprogram wat toegewy is aan die bevordering van wetenskaplike kennis oor, en die bewaring, en bestuur van, Walkerbaai se marine-hulpbronne. Sleutelprojekte sluit in die monitering van walvisse, seevoëls en kruinrofdiere ("apex predators"), asook rotsagtige strande en die ekologie van riviëre.

Die Vleilandkomitee van Fernkloof Estate en Gholfbaan, vir uitmendheid in die toepassing van die bewaringsvoorwaardes verbonde aan die regering se goedkeuring van

die Fernkloof-ontwikkeling. Dit het ingesluit: die herstel van uitgebreide fynbos-moeraslande op die Hermanus Gholfbaan; vestiging en uitbreiding van ekologiesdeurgange binne die dorpsgebied; en ekologies-sensitiewe bestuur van die gholfbaan ten einde biodiversiteit te maksimaliseer. Die projek is 'n toonbeeld van volhoubare ontwikkeling.

Die wenner was **Wilfred Chivell**, wat deur middel van sy maatskappye **Marine Dynamics Shark Tours (MD)**, **Dyer Island Cruises (DIC)** en **Dyer Island Conservation Trust (DICT)**, kommersiële toerisme tot 'n nuwe vlak van verantwoordelikheid gevoer het. MD en DIC is leiers op die gebied van bewaring wat die tyd wat hulle ter see deurbring, aanwend om 'n beter begrip van die marine-omgewing te kry. Die maatskappye het twee konferensies oor pikkewyne aangevoer en het bygedra tot die daaropvolgende uitoefening van druk vir die herevaluering van die status van pikkewyne van "kwesbare" tot "bedreigde" spesie.

Chivell is ook gemoeid met alle aspekte van diereredding in die gebied. Hy is besig om persepsies oor die haaiholddrukbedryf te verander en sy besigheidsmodel stimuleer nie alleen etiese toerisme en skep werkgeleenthede nie maar beskerm ook ons marine-erfenis.